# 18 Desember 2023 - Lesing 203 - Wenke van Abba Vader vir die Eindtyd - DEEL 2

***Bertha Dudde deur die Innerlike Woord***

Rede vir pynlike slae van die noodlot – 26/6/61

**NO: 7928** Ek sal nog baie geleenthede vir julle skep voor die einde waarin julle die weg na My sal moet vind. Ek sal My telkens aan julle openbaar, ofskoon **dikwels op 'n pynlike manier**, nogtans sal julle altyd kan herken dat julle julle eie lot nie self sal kan bepaal nie. **Julle sal altyd 'n Mag bo julleself moet herken** wat in julle lewe ingryp en - hard as daar geen ander opsie is nie, om julle uit die diepte terug te trek waarna julle blindweg streef.

Ek wil julle red en al My waarskuwings en vermanings dra geen vrugte nie. Dit is waarom Ek julle af en toe hard moet behandel en julle pyn moet laat voel. Ek moet julle **kosbaarste besittings op aarde van julle wegneem, Ek moet dood en siekte oor julle laat kom**, julle sal deur **allerlei teëspoed** getref moet word, omdat julle nie aan My dink nie, julle God en Skepper van ewigheid, omdat julle nie in 'n Mag glo waaraan julle julle lewens verskuldig is nie.

**En die voorvalle sal toeneem** waarin Ek mense uitmekaar gaan ruk, waar die dood sy intrede sal maak, waar **katastrofes** skielik menselewens sal beëindig. Ek sal Myself duidelik laat sien, maar sal slegs deur die van goeie wil herken word, wie nou hulle weg na My gevind het en dan ook nie meer verlore kan gaan nie.

Die einde kom steeds nader en daarom moet ook My Liefde, Wysheid en Mag nog dikwels ingryp. **Die verganklikheid van die aardse moet weer opnuut aan die mense getoon word,** hulle moet tot besinning gebring word welke waardelose doele hulle nastreef en hulle sal daarom dikwels moet ly, liggaamlik en geestelik, maar sal te alle tyd ook hulp mag ondervind, as hulle hulleself tot My wend en My om bystand vra in hulle nood.

En ook die medemense sal daaroor moet nadink dat hulle deur dieselfde lot getref kan word en dat hulle tot die insig kom dat hulle nie op hierdie aarde vertoef ter wille van die aardse lewe nie.

En elke slag van die noodlot kan hierdie uitwerking op die medemens hê, dat hulle gaan nadink en hulle vir hulleself hul lewenswandel voorstel, of dit beantwoord aan die wil van God, as hulle in een God glo. Elke slag van die noodlot kan die mense help om te begin glo, wanneer hulle hulleself na My wend en My ook aan **My duidelike hulpverlening** sal kan herken.

Verklaar dit ook so, julle wat My Woord ontvang, aan julle medemens, dat dit My somtyds harde en liefdeloos lykende **ingryping** in die lewe van die mense is. Lê aan hulle uit dat Ek elke middel probeer om die mense vir My te wen en dat Ek ook nie sal ophou om My steeds weer te openbaar nie. Want elke slag van die noodlot is 'n uiting van My kant, wat elkeen kan tref, maar steeds net die doel nastreef om hulle gedagtes op My te rig. Want die tyd wat oor is, is kort en julle mense skenk slegs aandag aan die wêreld, maar let nie op die heil van julle siel nie.

Die wêreld vergaan, Dit wil sê: Julle sal niks van die wêreld kan saamneem na die ander kant, na die ryk hierna nie. Julle jaag slegs dooie goedere na en daarom word julle steeds weer opmerksaam gemaak op die verganklikheid van hierdie wêreld.

En steeds weer sal julle hoor van ongevalle en katastrofes van allerlei aard, steeds weer sal julle die verlies van mense moet betreur en steeds weer sal julle julleself afvra waarom 'n God van liefde so-iets toelaat. Die God van liefde wil julle vir Homself wen, Hy wil julle geluksalig maak en daarom wil Hy dat julle julle gedagtes na Hom wend.

Slegs My liefde is die rede van alles wat julle swaar tref, **want julle sal vir 'n eindelose lang tyd weer verlore gaan as julle nie aan My dink nie**. En net daarom openbaar Ek My aan julle en gryp ook hard en pynlik in wanneer julle geen ag slaan op My liefdevolle aanmanings en waarskuwings nie.

Want Ek wil nie dat julle verlore gaan nie. Ek wil julle nog red voor die einde en julle behoed van 'n veel erger lot, **vir die hernude kluistering in die skepping** van die aarde, **wat onafwendbaar is** as julle nie voor die einde van die aarde die weg na My sal vind nie. Amein.